

## **JUNIE: God se vernuwingswerk deur die Heilige Gees**

---

Vrydag 28 Junie

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-28**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:23, 24 (AFR83/2020)**

**God maak ons deur die Heilige Gees meer en meer heilig en aan Hom toegewyd**

Die eerste brief aan die Tessalonisense word in verse 12-22 afgesluit met 'n klompie laaste opdragte. Dit is nie nuwe opdragte nie, maar 'n herhaling van wat vroeër in die brief staan. Dit is belangrike opdragte en Paulus wil dit verder by die gelowiges van Tessalonika inskerp. Maar hy besef dat hulle nie die opdragte maklik sal kan uitvoer nie. Hulle is jong gelowiges, baie van hulle so pas bekeer uit die heidendom. Baie van die wêreldse dinge het nog aan hulle gekleef.

Daarom bid hy in vers 23 dat God self hulle sal help. Hy is die God van vrede wat hulle heilig maak. Die gelowiges van Tessalonika was reeds geheilig. God het hulle in Christus geheilig deurdat hulle sondes vergewe is. Dit is iets wat afgehandel is. Maar dit beteken nie dat hulle sondeloos is nie. Heilig beteken ook om iets of iemand "eenkant neer te sit" en so "af te sonder" vir 'n besondere doel of taak. Die 1983-vertaling sê dat God julle aan Hom toegewyd maak. Dit is 'n voortdurende proses, 'n deurlopende proses van heiligmaking waar die gelowige meer en meer toegewyd aan God moet lewe. En so is ons op pad na die einddoel wanneer ons eendag volmaak, sonder sonde, absoluut heilig sal wees.

Die sondaarmens sukkel egter daarmee. Daarom dat die God van vrede ons daarmee help. Hy doen dit deur die Heilige Gees. Hy verander en vernuwe ons in elke opsig, sodat ons al hoe heiliger word. Hy belowe ook dat Hy ons ook geheel en al in ons volledige menswees, na gees, siel en liggaam tot met die koms van ons Here Jesus Christus, sal bewaar. Dan sal ons onberispelik en vlekkeloos, volmaak heilig wees.

En as ons miskien nog sou twyfel? Ons kry die heerlike versekering. God is getrou. Hy sal dit doen.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1*

*Ds. AL (Abri) Pelsers (Bethlehem)*